RESENSIE-ARTIKEL

# DIE POLITIEKE ROL VAN DIE SOSIALE WETENSKAPPE EN SOSIAAL-WETENSKAPLIKES IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

P.H. Möller
Departement Sosiologie, PU vir CHO

MOUTON, JOHANN, red. 1986. Social science, society and power/Sosiale wetenskap, maatskappy en mag. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

## 1. INLEIDING

Die gedagte wat by my opgekom het toe ek Social science, society and power met die foutiewe vertaling van society met maatskappy - wat gewoon 'n ekonomiese konnotasie het - in plaas van samelewing in die Afrikaanse titel Sosiale wetenskap, maatskappy en mag (1986), die derde navorsingsverslaereeks van die RGN-ondersoek na navorsingsmetodologie onder redakteurskap van Johann Mouton, ter hand neem, was een van onvergenoegdheid - " ... the luxury of an unaccountable scientific aristocracy ..." (Willhelm in Horowitz, 1965:183). Nie dat die outeurs "onverantwoordelike wetenskaplike aristokrate" is nie, maar dat dit in 'n ontwikkelende en onderontwikkelde Suid-Afrikaanse samelewing met sy hedendaagse legio sosiale vraagstukke en probleme (nog) nodig geag word om 'n seminaar (wat gedurende 3-5 Augustus 1984 te RAU-eiland aangebied is) oor "Social science and society: involvement or not?" (1986:Preface) te hou, het vir my aanvanklik misplaas, as 'n nie-haalbare (bekostigbare) akademiese tydverdryf en intellektuele oefening voorgekom. Boonop voldoen dié publikasie na my mening nie werklik aan van die redes wat die redakteur (1986:preface) aanvoer waarom bogenoemde seminaar (waaruit dié publikasie voortvloei) gehou is nie, naamlik:

> "Social science should become social critique ... If one looks at the South African scene, one is surprised by the lack of publications in this area ... In a time, therefore, when discussions on alter-

native political and economic orders are proliferating, and more and more people are asking questions about the role of social knowledge and research in such discussions, it seemed important to organize a seminar on this topic."

Uit die aard van die mensgeoriënteerdheid asook menssensitiwiteit van die sosiale wetenskappe het dit wel 'n samelewing-kritiese funksie, maar sodanige funksie impliseer nie slegs 'n begrip van, om skepties te wees teenoor die Suid-Afrikaanse samelewing of bloot maar net 'n menslike verbondenheid te aanvaar nie (vgl. Van Resnburg, 1983:15). Om gewoon 'n begrip te hê van, skepties te wees teenoor of 'n menslike verbondenheid te aanvaar, maak dié samelewing nóg leefbaarder nóg gelukkiger vir alle rasse-etniese mense en groepe (vgl. Van Rensburg, 1983:26). Om dus krities jeens byvoorbeeld verandering, hervorming en herstrukturering te staan, net daaroor en daarvan te praat en te skryf sonder om die vraag te beantwoord na "Wat?" en "Hoe?" verander, hervorm en hergestruktureer moet word, is wetenskaplike aristokrasie. Ongelukkig beantwoord die onderskeie outeurs egter nie eksplisiet die "Wat?" en "Hoe?" nie wat die moontlike waarde van dié seminaar en publikasie sou verhoog het.

My onvergenoegdheid is verder versterk deurdat geen sosiaal-wetenskaplike voor en waarskynlik geeneen hierna, insluitende dié outeurs, die waardevrye-waardebetrokke problematiek en alles wat daarmee verband hou, tot bevrediging van alle sosiaal-wetenskaplikes sal en kan oplos nie. Net soos byvoorbeeld 'n funksionalistiese en konflikperspektief, 'n positivistiese en anti-positivistiese benadering sal bly voortbestaan, só sal die waardevrye versus waardebetrokke debat, menslik gesproke, ad infinitum gevoer word. Saam met Turner (1986:976), weliswaar in 'n ander verband, kan ook gevra word:

"Why bother to discuss such properties ... at a conceptual level if they are not fundamental and invariant properties of the social universe?"

Die primêre oogmerk (1986:Preface) met dié seminaar was om vanuit filosofiese, antropologiese, sosiologiese en politikologiese perspektiewe, debatvoering oor die vraag na die rol van Suid-Afrikaanse sosiaal-

wetenskaplikes in die huidige sosiaal-politieke Suid-Afrikaanse situasie te stimuleer en te hernuwe. Alhoewel moontlik latent in van die bydraes aanwesig, word die weg egter nie aangewys na "Hoe?" die sosiale wetenskappe en sosiaal-wetenskaplikes in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing hulle politieke rolle moet speel nie. In dié opsig kan met Joubert (1986:97-98) se tydige opmerking saamgestem word dat

> " ... die steriele en vervelige debat ... oor die waardebepaaldheid van wetenskap ... en navorsing (gestaak behoort te word) ... ophou om te stry of waarde of belange deurslaggewend is; ophou om te droom van utopiese samelewings gebaseer op en gedryf deur waardekonsensus ..."

Uit die onderskeie bydraes kan sekere waardes, wat dikwels ook net latent daarin aanwesig is, geïdentifiseer word wat van belang vir die rol van Suid-Afrikaanse sosiaal-wetenskaplikes in die huidige sosiaal-politieke Suid-Afrikaanse situasie is of kan wees, waaronder betrokkenheid, regverdigheid, vryheid, openheid, dienstigheid, verantwoordelikheid, legitimiteit, waardigheid, veiligheid, integriteit, gelykheid, waarheid, rede, menslikheid. Ook in hierdie opsig word 'n onbehaaglikheid ervaar omdat slegs oor en van dié waardes gepraat en geskryf word sonder om onder andere oor die operasionalisering daarvan in die rasse-etniese Suid-Afrikaanse samelewing te besin.

Nadat dié publikasie deurgelees is, is dit my beskeie mening dat die "rol van Suid-Afrikaanse sosiaal-wetenskaplikes in die huidige sosiaal-politieke Suid-Afrikaanse situasie" nie eksplisiet deur die outeurs aangespreek word nie. Wat wel duidelik blyk is dat absolute waardevrye sosiaalwetenskapbeoefening 'n onmoontlikheid en 'n mite is. Indien die outeurs egter in gedagte het dat waardebetrokke sosiaal-wetenskapbeoefening 'n spesifieke rol aan sosiaal-wetenskaplikes toeken, kan bogenoemde kritiek tersyde gestel word.

In die lig van die aanvanklike redes wat deur die redakteur voorgehou word waarom dit nodig geblyk het om 'n seminaar oor "Social science and society: involvement or not?" te hou, word die volgende aspekte vervolgens bloot oorsigtelik hanteer wat primêr deur die onderskeie outeurs bespreek is:

- Waardebetrokkenheid van sosiaal-wetenskaplikes.

- Kritiek op kontraknavorsing.

Daarna skenk ek kortliks en meer aanvullend aan die volgende aandag waarna enkele gevolgtrekkings gemaak word:

- Keuse-dilemma van sosiale wetenskappe.

- Objektiwiteit.

- Burokratiese etos.

## 2. WAARDEBETROKKENHEID VAN SOSIAAL-WETENSKAPLIKES

Die outeurs belig vanuit hulle onderskeie vakwetenskappe verskeie aspekte van die waardevryheid versus waardebetrokke problematiek. Mouton (1986:11-21) wys byvoorbeeld vanuit 'n filosofiese hoekpunt, in sy **The ideal of a value-free social science: five theses** daarop dat die waardevryeposisie steeds op die volgende twee basiese beginsels berus:

- die onderskeiding tussen feitelike stellings en waarde-oordele;

- die veronderstelling dat geen normatiewe stellings logies van empiriese stellings afgelei kan word nie (1986:20).

In sy **Sosiaalwetenskaplike navorsing en die samelewing: die fenomenologies-hermeneutiese standpunt** toon Rossouw (1986:23-33) as filosoof aan hoedat vanuit bogenoemde twee filosofiese denktradisies waardebetrokke wetenskapbeoefening betrag word:

- die fenomenologiese denktradisie staan 'n waardevrye sosiaal-wetenskapbeoefening voor (1986:25) terwyl evaluering (kritiese toetsing) van die sosiale realiteit aan een of ander sosiale of politieke ideaal vir hulle buite sosiaal-wetenskaplike ondersoek val, want die sosiaal-wetenskaplike is in hierdie opsig " ... ongemoeide, belangelose toeskouer ... " (1986:30).

- die **hermeneutiese** denktradisie, insoverre dit deel van eersgenoemde tradisie is, het die oog vir die praktiese rede geopen - die verstaan van die ander en die tot verstandhouding kom met die ander. Omdat die praktiese rede sigself in die kommunikasieproses verwerklik, kom die vraag na die legitimiteit van waardes en doeleindes aan die orde. Tydens die herinterpretasieproses word telkens dus weer tot 'n nuwe konsensus of verstandhouding oor gemeenskaplike waardes en doeleindes gekom (1986:31). Sodoende word vrae wat op lewensoriëntasie en lewensrigting slaan, binne die domein van die gedissiplineerde redelike denke van geesteswetenskaplike **interpretasie** gebring. Vir sover dit in sodanige geesteswetenskaplike interpretasie om die oriënterende en rigtinggewende daaglikse lewenswaardes gaan, is daar binne dié denktradisie sprake van betrokke geesteswetenskap (1986:32).

Breedweg beskou, ontleed Van Niekerk (1986:35-57) vanuit filosofiese invalshoek in sy Probleemstelling: **die kritiek op die positivisme deur** die Frankfurter Schule die neo-marxistiese kritiek op positivisme asook Jürgen Habermas se verdediging van die vrymakende rol van die sosiale wetenskappe. Hy gee veral aan die positiviste se verafgoding van feite, metode en ervaring aandag, wys daarop dat met dié benadering 'n nominalistiese waarheidskonsep voorgestaan word en dat die positivisme deur 'n verbod op alle metafisika gekenmerk word. Habermas se kritiek op die positivisme word ook in skerper fokus geplaas terwyl daarop gewys word dat, ten spyte van die verantwoordelikheid wat Popper vir die "dood" van die logiese positivisme aanvaar, positivistiese reste nogtans by hom aangetref word, byvoorbeeld in sy kritiese rasionalisme en nominalisme. Uit sy bespreking blyk dit egter duidelik dat die positivisme feite en waardes skei en waardeneutraliteit voorstaan.

Eleanor Preston-Whyte (1986:61-69) verwerp as antropoloog, aan die hand van verskeie vrae wat sy in haar **Shall we leave the ivory tower? Anthropological perspectives on relevant research in contemporary South Africa** formuleer, die moontlikheid van 'n waardevrye Antropologie (1986:63) en wys op enkele dilemmas waarvoor antropoloë met betrekking tot betrokkenheid te staan kom (1986:65). 'n Turksvy waarmee waardebetrokke antropoloë in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing

worstel " ... is that of doing government plus military research ... " (1986:68).

Kotze (1986:77-85) wys as antropoloog in sy **Sosiaalwetenskaplike navorsing en die samelewing: onverbonde betrokkenheid** daarop dat alle sosiaal-wetenskaplike navorsing op die een of ander wyse samelewingsbetrokke is. Die vraag is egter nie òf navorsing betrokke moet wees nie, maar **hoe** dit **betrokke** moet wees (1986:77). Vir hom kan **betrokke** navorsing op òf **egogesentreerde** (segmentele betrokkenheid) òf **probleemgesentreerde** (onverbonde betrokkenheid) slaan, laasgenoemde wat hy bepleit omdat " ... dit immers sinoniem aan die strewe na wetenskaplike geldigheid en etiese integriteit (is) ten spyte van die onvolmaaktheid van ons pogings" (1986:83).

Vir die sosioloog, Dian Joubert (1986:89-107), is dit nie in sy **Navorsing-samelewing-betrokkenheid: sosiologiese opmerkinge** die vraag of sosiaal-wetenskaplike navorsing samelewingsbetrokke is al dan nie, maar wel: "Hoe kan navorsing aangepak vanuit 'n bepaalde maatskaplike struktuur en met daardie struktuur self as onderwerp/fokus, tegelyk (a) maksimale wetenskaplike/intellektuele kwaliteit bereik, en (b) maksimaal relevant wees vir die beste belange van die betrokke mense?" (1986:105). Vir hom is sowel (a) as (b) afhanklik van:

- samelewingsomstandighede;
- omstandighede vir wetenskapsbeoefening;
- gekose paradigma;
- duidelikheid en konsensus oor universele menslike waardes (1986:105).

Sinvolle en moeitewerd Sosiologie is na sy mening " ... altyd betrokke in konsekwensies vanuit en in konsekwensies vir die samelewing waarin dit beoefen word" (1986:97). Indien sosioloë samelewingssituasies herdefinieer, kan die gevolge van sodanige herdefinisie 'n nuwe sosiale realiteit word (1986:106), want

"Omdat Suid-Afrikaanse sosioloë ook deel gehad het aan die definisie van Suid-Afrika as 'n ras- en etniese gestruktureerde samelewing, het hulle die vakkundige en morele verantwoordelikheid om hierdie samelewing te herdefinieer. Betrokkenheid by 'n samelewing is ook 'n betrokkenheid by daardie samelewing se toekoms" (1986:106).

Vanuit sosiologiese perspektief is Jubber (1986:109-116) in sy polemiese Radical social change in South Africa and the pursuits of social science die mening toegedaan dat betrokkenheid nie beantwoord kan word sonder om onder meer die konstitusionele konteks van sosiale navorsing in aanmerking te neem nie. Boonop bevind sosioloë hulle in 'n magsbalanskrisis omdat nie alle sosioloë in staat gestel word om Sosiologie te beoefen soos hulle graag sou wou nie (1986:111). Dié magsbalanskrisis, wat 'n struktuurprobleem is, kan volgens hom voor die deur van veral die Suid-Afrikaanse opvoedkundige instelling gelê word met sy wit Afrikaans- en wit Engelsmedium asook swart universiteite (1986:110). As gevolg van selfsensuurskap en verskeie ekstra- en intra-universiteitsdruk, raak akademiese vryheid problematies en vul die Engelsmedium universiteite volgens hom 'n middeposisie tussen akademiese vryheid (Afrikaansmedium universiteite) en akademiese beperkinge (swart universiteite) (1986:112).

Vir hom bestaan die optimum toestande nie in Suid-Afrika om 'n goeie sosiale wetenskap moontlik te maak nie en derhalwe is dit misleidend om van betrokkenheid te praat, want

"In seriously divided societies, social science is itself seriously divided" (1986:142).

In sy The study of riots: a few notes on how different approaches to the study of riots might lead to different approaches to riot control toon Frost (1986:119-125), as politikoloog aan dat met 'n positivistiese benadering oproere vanuit 'n onbetrokke of onsydige waarnemingshoek bestudeer word. Sodoende word op 'n neutrale wyse gepoog om oorsaaklike verbande - ook in die sin van vervangbare verbande - bloot te lê (vgl. 1986:119-121).

Met 'n interpretatiewe (verstehende) benadering word nie na oorsaaklike verbande vir oproergedrag gesoek nie, maar word sodanige gedrag vanuit die oproermaker se hoekpunt deur die navorser, wat dus hiervolgens betrokke is, verstaan en geïnterpreteer (vgl. 1986:123). Vanuit sowel 'n interpretatiewe as 'n positivistiese benadering word oproere dan ook verskillend beheer en politieke besluite hieroor dienooreenkomstig geneem.

Potgieter (1986:127-135), as politikoloog, identifiseer in sy **Wetenskap en politiek** formele, refleksiewe en subjektivistiese betrokkenheid in die sosiale wetenskappe en wys daarop dat sowel objektivistiese (aanvaarding van die bestaande orde) as subjekti (ten gunste van die politisering van die wetenskap) standpunte " ... voorbeelde van onbehoorlike betrokkenheid van wetenskap en politiek is ... " (1986:132). Vir hom is geen wetenskaplike uit die aard van sy menswees bloot 'n objektiewe waarnemer of 'n onbetrokke toeskouer nie, want

> "Elkeen het sy eie commitments ten opsigte van bepaalde waardes en ideale wat sy persepsie van verskynsels en probleme beïnvloed en wat selfs nie met behulp van die sogenaamde wetenskaplike metode uitgeskakel kan word nie" (1986:133).

Uit voorafgaande gedagtes wat geopper en standpunte wat oor waardebetrokkenheid-waardevryheid gestel is, is dit vanselfsprekend dat ook verskillende interpretasies van objektiwiteit en waarheid deur sosiaal-wetenskaplikes gegee sal word. Só beskou kan betrokkenheid nie van epistemologiese en metodologiese vraagstukke geskei word nie (1986:145).

Om verskeie redes is van die outeurs krities teenoor kontraknavorsing ingestel wat op waardebetrokkenheid, objektiwiteit en waarheid wel 'n invloed uitoefen.

## 3. KRITIEK OP KONTRAKNAVORSING

Vir Joubert (1986:100) hou die bestaan en werkwyse van die RGN vir 'n betrokke Sosiologie in Suid-Afrika gevolge in omdat

"Ons ... hier 'n stelsel van nasionaal geïnstitusionaliseerde sosiale navorsing (het)."

As gevolg van die reeds genoemde struktuurprobleem waarna Jubber (1986:110-112) verwys, bly die RGN, ten spyte van stappe om meer verteenwoordigend en objektief te wees, eensydig en nie-verteenwoordigend waarvan die geringe getal swart sosiaal-wetenskaplikes een van die belangrikste is (1986:112).

Preston-Whyte (1986:61-62) sluit by Jubber (1986:112) se sienswyses aan dat as gevolg van eensydigheid asook die invloed van ('n) ideologie by die RGN, slegs sekere tipes navorsingsprojekte voorrang geniet en gefinansier word, want

> " ... research proposals with a development swing tend to be looked upon with most favor - even by die academics who sit on funding committees" (1986:61).

Dat voorskrywendheid met kontraknavorsing ook problematies is, blyk duidelik uit die volgende sienswyse van Potgieter (1986:133):

> "Kontraknavorsing is gewoonlik gemik op probleemoplossing. En die instansie wat die probleemdefinisie doen, omskryf gewoonlik ook die grense waarbinne na die oplossings gesoek moet word. Dit kan dus gebeur dat die wetenskaplike, deur binne dié grense te beweeg, so in rat met die uitgangspunte en ideale van die opdraggewer kom dat hy sy kritiese funksie as wetenskaplike nie kan vervul nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die RGN se TGV-projek (tussengroepverhoudinge), wat 'n baie duidelike raamwerk stel waarbinne na oplossings vir probleme gesoek moet word."

Tereg merk Horowitz (1968:222) op dat " ... a reader finds what he wants in a book ... ". In dié lig beskou kan uit die onderskeie vakwetenskapidees (vgl. Duvenage, 1983:18) van die outeurs afgelei word dat op grond van bepaalde ontologiese, antropologiese, epistemologiese, metodologiese (vgl. Burrell & Morgan, 1979:3) asook teleologiese (vgl. Mouton & Marais, 1985:7) vooronderstellings, sosiaal-wetenskaplikes óf

waardebetrokke òf waardevry by ook die sosiaal-politieke situasie van 'n samelewing kan wees. Van groter belang egter is die vraag na watter waardes hedendaags onderskryf en deur hedendaagse samelewingstrominge (byvoorbeeld industrialisering, burokratisering, rasionalisering) bedreig word.

## 4. KEUSE-DILEMMA VAN SOSIALE WETENSKAPPE

Die beantwoording van voorafgaande vraag lê onder meer in die morele keusedilemma van "dit waarin mense belangstel" en "dit wat in belang van mense is" (Mills, 1968:193; 1969:113-114). Indien die demokratiese sienswyse as uitgangspunt geld, naamlik "dit waarin mense belangstel", word gevestigde belangewaardes aanvaar. Sodanige waardes is egter dikwels die enigste wat 'n persoon internaliseer en is eerder verworwe gewoontes as keuses wat uitgeoefen word (Mills, 1968:194).

Indien van die dogmatiese standpunt uitgegaan word dat "dit wat in belang van mense is" al is waarin moreel belanggestel word, word die gevaar geloop om demokratiese waardes te skend. Die moontlikheid bestaan dan dat manipulering ('n vorm van ongelegitimeerde magsuitoefening) en/of dwang (as uiterste magsvorm) aan die orde van die dag sal/kan wees in plaas daarvan om byvoorbeeld persone te oorreed om saam te redeneer en daardeur die rede-waarde te bevorder (vgl. Mills, 1968:194).

Suid-Afrikaanse sosiaal-wetenskaplikes het derhalwe 'n keuse om drie moontlike politieke rolle (vgl. Mills, 1968:179-181) in ons samelewing te speel, naamlik:

- die filosoofkoningrol waartydens groter mag vir sosiaal-wetenskaplikes bepleit word;
- die rol van raadgewer van die koning waartydens sosiaal-wetenskaplikes in diens van 'n/die burokrasie staan en hulle morele outonomie en substantiewe rasionaliteit daardeur prysgee;
- die onafhanklike navorserrol waartydens sosiaal-wetenskaplikes onafhanklik hulle eie navorsing doen, self navorsingsprobleme en

-vraagstukke selekteer en hulle bevindinge aan sowel konings as publieke bekendmaak en rig. Deur sodanige rol te speel word van die sosiale wetenskappe 'n soort openbare, inligtingsapparaat gemaak wat belang by samelewingsvraagstukke, persoonlike probleme en strukturele veranderinge het en word die volgende onder meer daardeur bereik:

* vrye kommunikasie en onafhanklike meningsverskille;

* verdraagsaamheid jeens standpunte;

* die gewoonte om die waarheid te openbaar en vreesloos waarneming te doen;

* die eis vir wetenskaplike bewyse (vgl. Mills, 1959:108).

Sodra vraagstukke, probleme en strukturele veranderinge die onderwerp van sosiaal-wetenskaplike navorsing is, is waardes en waardebetrokkenheid ook ter sprake omdat die bedreiging van waardes op die spel is. Só beskou, is die rol van die neutrale, blymoedige Robot in sosiale wetenskappe dus onaanvaarbaar, want

> "Values are involved in the selection of the problems we study; values are also involved in certain key conceptions we use in our formulation of these problems, and values effect the course of their solution ... anyone who spends his life studying society and publishing the results is acting morally and usually political as well" (Mills, 1968: 76, 78, 79).

Boonop verbloem sommige sosiaal-wetenskaplikes deur hulle brabbeltaal ook waardebetrokkenheid, soos uit die volgende voorbeeld blyk:

> "You don't write 'authority', for example, which has a clean, hard edge; you write 'imperative co-ordination', which is neutral - and Scientific too" (Mills, 1957:26).

Die waardevryedoktrine kan egter 'n paradoksale potensiaal hê deurdat dit sosiaal-wetenskaplikes in staat stel om eerder beter as geen waardeoordele te maak nie (Gouldner in Horowitz, 1965:203).

Wanneer waardebetrokkenheid in die soeklig is, kom objektiwiteit ook onder die vergrootglas.

5. OBJEKTIWITEIT

Objektiwiteit in sosiale wetenskapbeoefening is nie 'n gevolg van " ... standing between two subjective truths" nie, want " ... sceintific truth may just as easily reside at the extremes as in the middle" (Horowitz, 1965:30). Meer nog, "'Objectivity' doen not permit humanitarian obligations to society; it only obligates the scientist to science itself" (Willhelm in Horowitz, 1965:184).

Tereg wys Mills (1968:130) daarop dat

> "For objectivity in the work of social science requires the continuous attempt to become explicitly aware of all that is involved in the enterprise; it requires wide and critical interchange of such attempts. It is neither by dogmatic models of Scientific Method nor by pretentious proclamations of the Problems of Social Science that social scientists may hope to develop their disciplines in a fruitfully cumulative way."

Dit is voorts van belang dat objektiwiteit 'n metodologiese kriterium is, want dit word as maatstaf aangelê wanneer die navorsingsproses beoordeel word: " ... die werkwyse of metodologie waarlangs gepoog word om die ideaal van waarheid te bereik" (Mouton, 1986a:25). Só beskou, word 'n metodologiese pluralisme, die gebruikmaking van verskillende navorsingsmetodes en -tegnieke (Mouton, 1986a:27), aangemoedig. 'n Sosiaal-wetenskaplike wat sy sout werd is, word derhalwe nie deur 'n metode en tegniek verhinder nie. Die nadruk wat sommige sosiaal-wetenskaplikes egter op 'n navorsingstegniek lê, verskraal enige sosiale vakwetenskap tot 'n metodeleer (Mills, 1959a:12) en maak van sosiaal-wetenskaplikes gewoon navorsingstegnici in meetapparate (Mills, 1968:59, 60).

Empiriese sosiaal-wetenskaplike navorsing verteenwoordig in Suid-Afrika ook 'n burokratiese ontwikkeling en operasionalisering wat onder meer 'n formalisme is - 'n poging om elke navorsingsfase te standaardiseer en daaroor te rasionaliseer. Navorsing wat deur en vir navorsingsinstellings gedoen word, spreek gewoonlik tot spesifieke kliënte wat partikuliere belange en behoeftes het. Die verskuiwing vanaf publiek na kliënt ondermyn die idee van "objectivity-as-aloofness" (vgl. Mills, 1968:102).

## 6. BUROKRATIESE ETOS

In die Reeksvoorwoord toon Mouton in navolging van Francis Bacon se 1620-uitspraak aan:

> "Kennis is mag ... (en) ... bly die mens se doeltreffendste wapen in die stryd teen onkunde, propaganda en dogma."

Waarna hy egter nie verwys nie is dat om sodanige mag te bekom, vereis

> " ... money, investment, and decisions about the needs of a citizenry" (Horowitz, 1986:8).

Suid-Afrikaanse sosiaal-wetenskaplikes is egter grotendeels vir befondsing van navorsingsprojekte op die RGN aangewese. Indien samelewingsrelevante navorsing wat die behoeftes en begeertes van mense voor oë het wel gedoen word, behoort ook om fondse by nie-statutêre liggame, wat nie voorskrywend is nie, aansoek gedoen te word. Dit is 'n onbehaaglikheid dat ook in hierdie opsig 'n soort korporatiewe monopolisme bestaan wat die onafhanklike sosiaal-wetenskaplike navorserrol (kan) kniehalter. Só beskou, is Mouton (1986a:26-27) se sienswyse van belang as hy daarop wys dat nie die teoretiese, metings- en inferensiële geldigheid of betroubaarheid van die inligtingsinsamelingproses dikwels van belang is nie, maar dit wat in terme van die ooreenstemming van die bevindinge met statutêre beleid en ideologieë is. Tereg merk Horowitz (1968:300-301) op dat

> "Sponsorship is good or bad only insofar as the intended outcomes can be predetermined and the parameters of those intended outcomes tailored to the sponsor's expectations."

Wat verder van belang is en wat ook Suid-Afrikaanse sosiaalwetenskaplikes moet ontgroei, is omdat

> "Having been reared in a period of relative deprivation for the social sciences, the social scientists view all funds as big and all projects as wonderful. Perhaps if we were to realize that the social sciences are no longer at the stage of primitive accumulation, we might be able to resolve ... the conflict between 'selling out' ... and 'copping out' ..." (Horowitz, 1968:302).

Om in ooreenstemming met 'n finansiële borg se beleid en ideologie(ë) navorsingsbevindinge te maak, kan in hierdie verband twee sosiaalwetenskaplike rolle identifiseer word:

- dié van **intellektuele administrator** van wie " ... we should not expect much substantive knowledge ... " (Mills, 1968:104).

- dié van **navorsingstegnici** wat die volgende kenmerke vertoon:

  > " ... less restless than methodical; less imaginative than patient; above all, they are dogmatic - in all the historical and theological meanings of the term ... Listening to their conversations, trying to gauge the quality of their curiosity, one finds a deadly limitation of mind. The social worlds ... do not puzzle them" (Mills, 1968:105).

Indien sosiaal-wetenskaplikes hulle wel vir burokratiese en ideologiese oogmerke laat misbruik, moet hulle self die volgende vrae beantwoord:

- Of hulle van die gebruikswaarde van hulle navorsing bewus is?

- Of hulle hulle navorsing(resultate) self beheer?

- Of hulle wel hulle navorsing(resultate) wil beheer?

- Of hulle in hulle navorsing moreel outonoom is?

- Of hulle aan die moraliteit van andere onderworpe is?

(vgl. Mills, 1968:177, 178).

## 7. GEVOLGTREKKINGS

In die debat rondom waardebetrokkenheid en alles wat daarmee saamhang, huldig ek die mening:

- Dat die mite van 'n waardevrye en belangeneutrale sosiale wetenskap in die konflik tussen rede en geloof, kennis en gevoel, die hoof en die hart geleë is (vgl. Gouldner in Horowitz, 1965:216).

- Dat die vryheid wat 'n waardevryedoktrine toelaat die gevaar inhou van " ... a disorienting normlessness and moral indifference" (Gouldner in Horowitz, 1965:203).

- Dat dikwels groter betekenis aan die skeiding tussen feite en waardes, aan menslike handelinge en menslike denke geheg word, in só 'n mate dat die begeerte taan om waardes te bestudeer (vgl. Horowitz, 1965:29).

- Dat waardevrye sosiale wetenskap impliseer dat sosiaal-wetenskaplikes geen kritiese of negatiewe waarde-oordeel van 'n samelewing kan/behoort te maak nie. Sodoende word die intellektuele nalatenskap verwerp, naamlik die reg en voorreg om nie slegs krities te wees nie (Gouldner in Horowitz, 1965:205-207), maar om ook die vraag na "Hoe?" en "Wat?" te beantwoord. Kritiese sosiale wetenskap is by geen partikuliere politieke ideaal betrokke nie.

- Dat die geskiedenis van die sosiale wetenskappe intern en organies aan etiese perspektiewe - idees oor betekenisvolheid - verbind is. Die onderdrukking van die betrokkenheid van die sosiale wetenskappe by etiese perspektiewe lei nie tot beter sosiaal-wetenskaplike navorsing nie, maar hou rampspoedige gevolge in, byvoorbeeld:

- 'n onverskilligheid jeens probleemoplossings;
- 'n ideologiese verdraaiing(e) in teoriebou;
- 'n verontagsaming van die wetenskaplike evaluering van waardeteorie;
- 'n identifisering van objektiwiteit in sosiaal-wetenskaplike navorsing met onverskilligheid jeens etiese uitsprake (Horowitz, 1968:31).

• Dat samelewingsvraagstukke (byvoorbeeld onluste, armoede, werkloosheid) sosiaal-wetenskaplikes noop om deur hulle navorsing en geskrifte 'n bydrae tot die eliminering van sosiale wantoestande te lewer. Sodoende is die waardevryheidprobleem minder prominent, die toepassing van die resultate en die waardebetrokkenheid van sosiaal-wetenskaplikes meer prominent (vgl. Roode, 1972:6).

• Dat hoe groter die latente en manifeste onstabiliteit in die sosiaal-politieke sisteem, hoe meer pertinent die aandrang op waardebetrokkenheid (vgl. Roode, 1972:4).

• Dat die sosiale wetenskappe en samelewingspraktyk nader aan mekaar gebring moet word, anders kan tereg saam met Robert Lynd se bekende 1938-sienswyse hieroor gevra word:

  "Knowledge for waht?"

• Dat nie slegs oor en van geïdentifiseerde waardes gepraat kan word nie, maar veral oor die operasionalisering daarvan in die rasse-etniese Suid-Afrikaanse samelewing.

• Dat indien met die debat oor die waardebepaaldheid van die sosiale wetenskappe voortgegaan word, die sosiale wetenskappe al hoe minder samelewingsrelevant en al hoe meer in 'n irrelevante krisis gedompel sal word. Goeie sosiaal-wetenskaplike navorsing impliseer derhalwe ook samelewingsrelevansie (vgl. Mouton, 1986a:27). Sosiaal-

wetenskaplikes wat mag in sosiale strukture bestudeer, sal telkens ook ongerymdhede in die uitoefening van mag teëkom wat onder meer regverdigheid, menswaardigheid en die sekuriteit en selfs veiligheid van die individu en die groep in gevaar stel. Derhalwe raak dit noodsaakliker om ook in dié opsig die steriele en vervelige debat oor die waardebepaaldheid van die sosiale wetenskappe te staak (vgl. Goldsen in Horowitz, 1965:89) en eerder waardebewuste navorsing te doen (vgl. Guy et al., 1987:36). Anders kan ook van Suid-Afrikaanse sosiaal-wetenskaplikes gesê word: "The social worlds ... do not puzzle them" (Mills, 1968:105).

- Dat dit in die sosiale wetenskappe nie om die regverdiging van nie, maar in terme van ontologiese, antropologiese, epistemologiese, metodologiese asook teleologiese vooronderstellings om beskrywing, maar veral verklaring en voorspelling gaan.

- Dat die waardebetrokkeprobleem ook met die keuse van wetenskaplike denkbeelde en etiese riglyne (vgl. Horowitz, 1968:195-220) verband hou, byvoorbeeld:

  * 'n klassieke denkbeeld van perfeksionisme of 'n romantiese denkbeeld van innovasie;

  * 'n evolusionêre of revolusionêre denkbeeld;

  * dat probleemoplossings in burokratiese terme of in terme van persoonlike identiteit gestel word;

  * dat navorsing vanuit 'n kritiese, ideologiese of 'n oriëntasie van institusionele lojaliteite gedoen word;

  * dat navorsingsbevindinge neutraal of in terme van die waarde-implikasies daarvan, aangebied word.

- Dat 'n doel met fundamentele sosiaal-wetenskaplike navorsing is om te verhelder en nie te manipuleer nie. 'n Oogmerk met toegepaste sosiaal-wetenskapliek navorsing is om sodanige inligting so wyd as moontlik bekend te stel ten einde ook die massa in besluitneming

behulpsaam te wees. Die sienswyse dat toegepaste sosiaal-wetenskaplike navorsing sinoniem aan die militarisering van sosiale wetenskappe is is

> " ... a violation both of common sense and of the history of science and technology" (Horowitz, 1968:312).

Met Adam en Moodley (1986:2) kan saamgestem word, naamlik:

> "No social analysis . . . can claim objectivity; pace Max Weber, our biases and political preferences inevitably color even our most academic reasoning. We cannot, therefore, claim 'to avoid commitment to any political viewpoint or ideology'. We can nevertheless attempt, as politically inactive but politically aware social scientists, to achieve a scrupulously realistic assessment of evidence reaching beyond the propaganda of activists. No one can claim value-free scholarship, especially in a conflict where a stance of neutrality can only be interpreted as moral indifference. In any attempt to sketch a solution to the problems of South Africa ... existing prejudices, vested interests, and power relations must be taken into account."

BIBLIOGRAFIE

ADAM, H. & MOODLEY, K. 1986. South Africa without apartheid: dismantling racial domination. Kaapstad : Maskey Miller Longman.

BURRELL, G. & MORGAN, G. 1979. Sociological paradigms and organisational analysis: elements of the sociology of corporate life. London : Heinemann.

DUVENAGE, B. 1983. Roeping en wetenskap. Potchefstroom : Bentoti.

GOLDSEN, R.K. 1965. Mills and the profession of sociology. (In Horowitz, I.L., red. The new sociology: essays in social science and social theory in honor of C. Wright Mills. New York : Oxford University Press. p.88-93.) GOULDNER, A.W. 1965. Anti-minotaur: the myth of a value-free sociology. (In Horowitz, I.L., red. The new sociology:

essays in social science and social theory in honor of C. Wright Mills. New York : Oxford University Press. p. 196-217.)

GUY, R.F., EDGLEY, C.E., ARAFAT, I. & ALLEN, D.E. 1987. Social research methods: puzzles and solutions. Boston : Allyn & Bacon.

HOROWITZ, I.L. red. 1965. The new sociology: essays in social sceince and social theory in honor of C. Wright Mills. New York : Oxford University Press.

HOROWITZ, I.L. 1968. Professing sociology: studies in the life cycle of social science. Chicago : Aldine.

HOROWITZ, I.L. 1986. Revisiting the dilemma of rights and obligations. Society, 23(5):5-8.

MILLS, C.W. 1957. 'The power elite': comment on criticism. Dissent, 5(1):22-34.

MILLS, C W. 1959. The causes of World War Three. London : Secker & Warburg.

MILLS, C.W. 1959a. The decline of the left. Contact: the San Francisco journal of new writing, art and ideas, 3:5-17.

MILLS, C.W. 1968. The sociological imagination. New York : Oxford University Press.

MILLS, C.W. 1969. The Marxists. London : Penquin Books.

MOUTON, J. & MARIAS, H.C. 1985. Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe, Pretoria : RGN.

MOUTON, J. red. 1986. Social science, society and power/Sosiale wetenskap, maatskappy en mag. Pretoria : RGN.

MOUTON, J. 1986a. 'n Gesonde metodologie: voorvereiste vir goeie navorsing. **Navorsingsbulletin, Tydskrif vir die SAPGN, RGN**, 16(8):22-27.

ROODE, C.D. 1972. Waardebetrokkenheid, die Sosiologie en die sosioloog. **Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie**, 4:4-13.

TURNER, J.H. 1986. Review essay: the theory of structuration. **American Journal of Sociology**, 91(4):969-977.

VAN RENSBURG, H.C.J. 1983. Radikale Sosiologie. Pretoria : Academica.

WILLHELM, S.M. 1965. Scientific unaccountability and moral accountability. (In Horowitz, I.L. **red.** The new sociology: essays in social science and social theory in honor of C. Wright Mills. New York : Oxford University Press. p. 181-187.)